Geregistreer aan die Hoofposkantoor as 'n Nuusblad.

DIE O.B.

Jrg. 9 | Kaapstad, 2 Augustus 1950 | Prys 3d. | No. 37

# A.P.-Kongres Het Party Se Koers Duidelik Bepaal

**Die kongres van die Afrikanerparty wat verlede week in Bloemfontein gehou is, moet beslis beskou word as 'n geslaagde kongres, skryf ons spesiale korrespondent. Die rigting waarin mnr. Havenga sy kongres gestuur het en die besluite wat geneem is sowel as die gees wat daar geheers het, gaan ongetwyfeld 'n deurslaggewende invloed hê op die landspolitiek.**

**Ten aansien van sekere kwessies waaroor daar 'n mate van onsekerheid bestaan het, het die kongres helderheid gebring.**

**Die Afrikanerparty het hoegenaamd geen voorneme om te ontbind of om te amalgameer met òf die Herenigde Party òf die Verenigde Party nie. Die Party gaan voortbestaan as 'n selfstandige party, met 'n eie identiteit wat die beginsels en gees van Hertzogisme dra. Die Party se landswye organisasie sal uitgebrei word om ook Suidwes-Afrika in te sluit. En alle goedgesinde en welwillende persone sal gevra word om by die Party aan te sluit sodat die partyorganisasie opgeknap en doeltreffend gemaak kan word. Die Party gaan aan om homself voor te berei en in te rig om sy samesnoerende taak te kan vervul.**

### MNR. HAVENGA

**Mnr. N. C. Havenga gaan sy rol in die politiek speel as leier van die Afrikanerparty. Hy gaan nie goewerneur-generaal word nie en nog minder gaan hy leier van die Verenigde Party word. Hy bly eenvoudig die groot leerling wat die politiek van sy groot meester Hertzog in en deur die Afrikanerparty voortsit.**

Die Afrikanerparty bly gewillig en begerig om saam te werk met almal wat die belange van Suid-Afrika eerste stel. En die Party is vasberade om sy ooreenkoms met die H.N.P., wat in 1948 vir 'n periode van vyf jaar aangegaan is, eerbaar en stiptelik na te kom — selfs ten spyte van onwelwillendheid wat teenoor hom geopenbaar mag word.

### GEEN HERNUWING

**Die Afrikanerparty sal nie die bestaande ooreenkoms met die H.N.P. breek oor die kwessie van die H.N.P. se diskriminasie teen lede van die Party nie, maar, indien die H.N.P. sy beleid van diskriminasie handhaaf, sal die Party nie bereid wees om die ooreenkoms, by verstryking daarvan, te hernuwe nie.**

Die kongres het mnr. Havenga se grondwetlike standpunt goedgekeur. Al die volksraadslede sowel as die senatore van die Afrikanerparty — sonder een enkele uitsondering — het ten gunste daarvan gestem. Dit beteken dat die Afrikanerparty in die parlement sy steun sal weier aan 'n maatreël wat die regte van nie-blankes wil vermeerder of verminder met 'n gewone partypolitieke meerderheid.

**Anders as die kwessie van diskriminasie kan die grondwetlike standpunt van die Afrikanerparty die bondgenootskap met die H.N.P. in die gedrang bring vòòrdat die lewe van die huidige ooreenkoms verstryk. Indien die H.N.P. sou aandring op kleurwetgewing wat bots met die algemeen aanvaarde en neergelegde standpunt van die Afrikanerparty kan dit die verbreking van die huidige ooreenkoms veroorsaak. „In daardie geval", so lui mnr. Havenga se verklaring, „moet ek versoek dat sonder my voortgegaan word."**

### „KOUE" BONDGENOOTSKAP

Dit het op die kongres duidelik tot uiting gekom dat die lede van die Afrikanerparty baie ongelukkig voel oor die houding wat die H.N.P. teenoor hulle aanslaan. Die H.N.P.-bondgenootskap verdeel die A.P. in twee dele: die Parlementslede en die gewone lede. Met eersgenoemdes werk die H.N.P. glo „hartlik" saam, maar met laasgenoemdes werk hulle gladnie saam nie. En afgevaardigdes het duidelik laat blyk dat hulle hoegenaamd nie gediend is met sodanige „koue" bondgenootskap nie.

Daar bestaan die neiging in H.N.P.-koerante en by H.N.P.-sprekers om die krediet vir die koalisie-regering se wetgewing uitsluitlik op die H.N.P. se rekening te plaas. Ewe-eens bestaan die neiging in V.P.-kringe om die debiet vir daardie wetgewing ook uitsluitlink op die H.N.P. se rekening te plaas. **Dit was een van die treffendste eienskappe van mnr. Havenga se openingsrede op die kongres dat hy vir die Afrikanerparty sy volle kwota van krediet vir die regering se wetgewing opgeëis het, en dat hy gladnie omgegee het dat die V.P. sy perty se rekening daarmee debitteer nie.**

### OPENHARTIGHEID

Daar lê 'n les opgesluit in hierdie ondubbelsinnige houding van mnr. Havenga wat sowel die V.P. as die H.N.P. ter harte kan neem. Mnr. Havenga gaan nie toelaat dat die V.P. 'n wig tussen hom en sy bondgenootparty indryf nie. En die beste manier wat die H.N.P. kan help om hierdie wigdrywery van die V.P. te belemmer is om aan hul Afrikanerparty-bondgenoot volle krediet te gee vir sy aandeel in die stappe wat die regering doen.

**'n Kenmerk van die besprekinge op die kongres was die openhartigheid daarvan. Die kongres het ruiterlik die voordele van samewerking met die H.N.P. erken. Ewe-eens het die kongres nie geskroom om die struikelblokke op die pad van samewerking aan te dui nie; en om die Afrikanerparty se begeerte bekend te maak dat die H.N.P. daardie struikelblokke uit die weg moet ruim nie.**

# „Verdere Stryd Teen O.B. Sal Lei Tot Verbreking Van Koalisie"

**„Die waarskuwing aan die Nasionaliste om hul hande van die Ossewabrandwag af te hou, wat die kongres van die Afrikanerparty in Bloemfontein uitgespreek het in die vorm van 'n onbestrede mosie na 'n stormagtige sitting op Woensdag, dui aan dat die Nasionale Party òf die strydbyl in sy lang en bitter stryd met die Ossewabrandwag moet begrawe òf heeltemal met die Afrikanerparty moet breek," skryf die Cape Times se korrespondent uit Johannesburg.**

Hy gaan voort deur te verklaar: „Die kongres het duidelik getoon dat die Ossewabrandwag, na mnr. Havenga self, die beherende invloed in die Afrikanerparty is en dat hy nie bereid is om te ontbind voordat die Eerste Minister, dr. Malan, wat sterk ondersteun word deur die Strydom-groep van die Nasionale Party, sy twis met die Ossewabrandwag en sy leier, dr. J. F. J. van Rensburg, gestaak het nie.

„Dr. Van Rensburg het op die kongres verklaar dat die Ossewabrandwag-lede by die Afrikanerparty aangesluit het om mnr. Havenga se hande te sterk, maar indien mnr. Havenga hulle as 'n oorsaak van verleentheid beskou, hulle bereid is om uit te gaan, daar Ossewabrandwaglede ongeveer 80 persent van die Afrikanerparty uitmaak.

### „ULTIMATUM"

**„Dr. Van Rensburg se verklaring was inderdaad 'n ultimatum aan mnr. Havenga. Mnr. Havenga het egter die ultimatum aanvaar deur met dr. Van Rensburg se onbestrede mosie saam te stem waarin mnr. Havenga bedank word vir sy ‚onherroeplike versekering' dat hy as leier van die Afrikanerparty, nie gediend daarmee sal wees as daar deur die Nasionale Party verder teen lede van die Afrikanerparty gediskrimineer word nie."**

## Begin Wonder Of 'n Fout Gemaak Is

**„Ek wonder soms of ons nie saam met Duitsland teen Rusland moes gegaan het nie," het kapt. D. R. Hughes, gesagvoerder van 'n Britse skip, verlede week in Port Elizabeth gesê toe hy die Rotariërklub toegespreek het oor toestande in Rusland.**

# Min. Havenga Verwerp Diskriminasie

**Na aanleiding van die kongres-mosie oor die H.N.P. se diskriminasie teen lede van die Afrikanerparty, het mnr. Havenga gesê dat dit bekend is dat die Afrikanerparty nie weer diskriminasie teen sy lede sal duld nie. Die kwessie is egter op die oomblik nie prakties nie, want vir die duur van die huidige ooreenkoms kan daar nie weer gediskrimineer word nie. Eers by 'n volgende verkiesing kan die kwessie weer getoets word. En geen nuwe ooreenkoms hoef aangegaan te word indien die H.N.P. nie afsien van diskriminasie nie.**

**Nadat mnr. Havenga hierdie verduideliking gegee het, het die voorstellers hul mosie teruggetrek.**

**Dr. Hans van Rensburg het toe as onbestrede mosie voorgestel dat die kongres met dank kennis neem van die onomwonde verklaring van sy leier, mnr. Havenga, dat hy nie langer gediend sal wees met diskriminasie teen lede van die Afrikanerparty nie.**

**Wanneer in die toekoms weer sprake van 'n verkiesing en verdeling van setels is, kan nie toegelaat word dat daar 'n keuring van kandidate sal plaasvind nie, het mnr. Havenga gesê.**

Die saak sal alleen maar weer getoets kan word by die vaslegging van die aangeleenthede waaroor die volgende verkiesing gevoer sal word. Dit is onprakties en ongewens om nou van beëindiging van die ooreenkoms te praat. Dit is nie nou prakties en aktueel nie. Die lede is vir die duur van die huidige volksraad gekies.

Indien daar weer 'n verkiesing kom en die Afrikanerparty nog onafhanklik bestaan — en die aanduidings is dat die party nie nou 'n stap tot eenwording wil doen nie — kan verdere voorwaardes vir samewerking neergelê word.

### VERDEELDHEID

In 'n oorsig oor die kwessie van samewerking, het mnr. Havenga gesê dat kort ná die oorlog orals stemme opgegaan het oor die toestand waarin die verdeelde nasionaalgesindes hulle bevind het ten gevolge van die breuk tussen die H.N.P. en die Hertzog-volgelinge en later deur die totstandkoming van die twee ander nasionaalgesinde groepe, die Ossewabrandwag en die Nuwe Orde.

Daar het stemme opgegaan oor die toestand van onmag waarin ons ten gevolge van daardie verdeeldheid gedompel was. Spreker het toe reeds te kenne gegee dat hy slegs na die openbare lewe sou terugkeer indien hy iets kon bydra tot die herstel van die eenheid onder al daardie groepe.

Pogings is aangewend om spreker met die O.B. en N.O. te laat verenig ten einde die H.N.P. te beveg, en andersom. „Ek het gesê ek stel daarin geen belang nie. Ek wou die breuk heel onder al daardie nasionaalgesindes", het min. Havenga verklaar.

Die saak het egter nie daarby gebly nie. Daar is gevoel dat die volk se begeerte was dat die posisie herstel moes word. **„Wat my seergemaak het, was dat die destydse opposisie toe in so 'n posisie van magteloosheid verkeer het dat die bewindvoerders ons feitlik verag het", het hy gesê.**

### TELEURSTELLING

Praktiese stappe is toe gedoen om te kyk wat gedoen kon word ten einde die breuk te heel. Samesprekings het tussen dr. Malan en spreker plaasgevind, aangesien die H.N.P. en die A.P. die enigste twee partye was wat onderhandelings kon voer. Spreker het egter met die O.B. en N.O. ook rekening gehou.

Dit was vir hom 'n baie groot teleurstelling dat hy in verband met die voorgestelde ooreenkoms die H.N.P. nie sover kon kry om die groot vrede te sluit nie. Hy het gevoel dat die tyd

(vervolg op bladsy 6 kolom 4)

## Sal Nou Hulp Stuur

Nadat heelwat kritiek in Amerika uitgespreek is oor die houding van Brittanje in verband met die stryd teen die Kommuniste in die Ooste, het die Britse regering verlede week gehoor gegee aan 'n regstreekse versoek van die sekretaris-generaal van die V.V.O. om daadwerklike hulp na Korea te stuur. Daar is besluit om landmagte te stuur en om die Britse vloot in die Ooste op oorlogsterkte te bring.

Ander lande wat hulp aangebied het, is Turkye, Nu-Seeland en Australië.

## KAAPLAND

Oud-senator Naas Raubenheimer het gesê dat Kaapland niks in die weg van volkseenheid sal plaas nie. Lede van die A.P. in Kaapland wil egter as gelykes saamwerk — hulle wil nie as minderwaardiges by die eenheid inkruip nie, want hulle het nie politiek gesondig nie. „Ons was nog altyd die minste en as ons aanhou om die minste te wees is ons naderhand niks nie. Ons wil nie die meeste wees nie, maar ons wil gelyk wees", het spreker gesê.

Dr. D. G. Conradie L.V. het gepleit vir hartlike verhoudings en samewerking met die Engelssprekende boere van Oos-Kaapland.

## VRYSTAAT

Senator Jack Reitz, wat die Vrystaatse groete uitgespreek het, het gesê dat die samewerking tussen die H.N.P. en die A.P. in die parlement goed is. Dit is egter nie die geval op die platteland nie. Hy vra derhalwe die betrokke nasionaliste om 'n beter gesindheid te openbaar.

DIE O.B., WOENSDAG, 2 AUGUSTUS 1950

# PARTYEENHEID

In sy kongrestoespraak in Bloemfontein het min. N. C. Havenga die noodsaaklikheid sowel as die moontlikheid van volkseenheid weereens beklemtoon. Binne die kabinet en in die parlement, so het hy gesê, heers daar die grootste hartlikheid, „maar in hoe 'n mate dit ook daarbuite in wyere kringe die geval is, weet u beter as ek".

In die bespreking en besluite wat gevolg het, is iets van die toestand „in wyer kringe daarbuite" weerspieël, en hierdie weerspieëling het 'n koerant van die bondgenoot-party laat opmerk: „Vir Nasionaalgesindes, binne en buite die Nasionale Party, wat op grond van die hartlike samewerking van die Nasionale Party en die Afrikanerparty in die Parlement na 'n spoedige eenwording van die twee partye uitgesien het, is die Afrikanerparty-kongres in Bloemfontein in hierdie opsig teleurstellend."

Wat presies daarbuite aangaan en in die pad van eenheid staan, is deur dr. Jan Steyn toegelig waar hy gesê het dat die stryd vir gelykheid tussen die Engels- en Afrikaanssprekende dele van die bevolking gewen is, **maar dat daar ongelukkig „nog 'n klein groepie is wat nog nie gelykheid tussen Afrikaner en Afrikaner aanvaar nie".**

Dit is die kern van die probleem, en dit sal nie help om trane te stort oor gebrek aan eenheid solank 'n beleid van diskriminasie teen 'n deel van die Afrikanervolk voortgesit word nie. Dit is egter nie die probleem van die Ossewabrandwag om hierdie slaggat op die pad van volkseenheid toe te gooi nie. Ons laat dit oor aan die twee partye.

### O.B. SE AANDEEL

Dog die Ossewabrandwag kom wel in die gedrang in sover dit sy lede is wat 'n deel van die vraagstuk vorm, want afgesien van swarighede wat daar in die A.P.-leiding bestaan ten opsigte van die provinsiale verkiesings, meer in besonder in die Vrystaat, is dit die nege-jaar-oue stryd teen O.B.-lede wat die samewerking „daarbuite" nie wil laat vlot nie. Dit is hulle wat die voorwerp van diskriminasie uitmaak. Daar kan dus geredeneer word, soos meermale in die verlede, dat die Ossewabrandwag homself moet likwideer sodat die weg na eenwording ontsluit kan word. En dit is hier waar die Ossewabrandwag aan die bespreking kan deelneem.

Laat ons dit duidelik stel: **Die Ossewabrandwag was in die verlede, net soos op die oomblik, geen politieke party wat na regeringsmag strewe nie. Hy is die sameballing van 'n volksoortuiging wat in 1938 spontaan agter die Ossewaens opgeslaan het toe ons volk vir die eerstemaal sedert die berowing van sy vryheid en kulturele besit in 1902 homself in die spieël van sy verlede betrag het. Hy het in daardie jaar sy verskeurdheid gesien as gevolg van die invoering van vreemde stelsels in die plek van sy eie skeppinge, en die Ossewabrandwag is aangegryp as middel om daardie oortuiging en strewe na herstel werksaam te maak. Hy kan dus nie gelikwideer word sonder om ook die vrugte van die Eeufeesjaar te likwideer nie — en allermins terwille van partypolitieke eenheid, wat maar hoogstens 'n eerste stap in die rigting van ons volksideale en waaragtige volkseenheid kan wees.** Die Ossewabrandwag kan slegs as hulpmiddel aanvaar word — soos hy hom oorspronklik en dikwels daarna aangebied het — deur diegene wat voorgee dat hulle hul beywer vir die herstel van ons egte volksvryhede. **Voortgesette vyandskap teen die Ossewabrandwag kan hom nie laat verdwyn nie — dit kan hoogstens sy metode van optrede ter bereiking van die volksideale beïnvloed.**

---

# Dink Ook Aan Die Man Se Lewe !

'n Tyd gelede is die sterfhuis van wyle president Kruger in Switserland aangekoop as 'n monument en op die oomblik word nog steeds geld ingesamel daarvoor. By verskillende geleenthede en in verskillende blaaie is daar kommer uitgespreek oor die traagheid waarmee die volk op die oproep om bydrae gereageer het. Ons wil nie juis ingaan op die moontlike redes vir hierdie onwilligheid nie, behalwe net in die verbygaan daarop te wys dat daar in ons land op die oomblik 'n algemene insinking ten opsigte van volks-aangeleenthede op feitlik elke gebied waar te neem is, en dat hierdie insinking sonder twyfel veel te doen het met die laksheid wat daar in verband met voornoemde saak heers. 'n Deel van die volk leef vandag lekker. Geld rol in soos nog nooit tevore nie, en nou is dit ongelukkig waar dat 'n man se vrygewigheid gewoonlik in teenoorgestelde verhouding staan tot sy voorspoed. Hoe meer die vermoë aangroei, hoe stywer word die sak toegebind. Meer as een Afrikanerorganisasie kla vandag oor hierdie verskynsel — en laat ons maar reguit sê.ook die Ossewabrandwag, **hoewel ons nog die mees offervaardiges onder ons geledere tel.**

Aan die ander kant is 'n groot deel van die volk — die loon- en salaristrekkers — besig om te wurg aan die stygende lewenskoste en hulle kan dit al minder bekostig om hul deel van die offers by te bring — want daar is on-

(Vervolg in volgende kolom)

(Vervolg van vorige kolom)

gelukkig ook perke aan die vrygewigheid van die arme.

### WAT HERDENK MOET WORD

Maar ons wil eintlik stil staan by die kwessie van hulde aan daardie groot Afrikaner wat 46 jaar gelede sy einde in die vreemde gevind het. Dit is goed vir ons volk om die einde van hierdie man, wat tot die dood toe getrou was aan sy ideaal, altyd in herinnering te hou. Die tragiese einde van pres. Paul Kruger in 'n vreemde land omdat hy geweier het om onder die Britse vlag te sterf, sal vir die nageslag steeds tot besieling wees. **Maar Paul Kruger het nie net 'n sterfhuis nagelaat wat as monument in stand gehou behoort te word nie — hy het dinge nagelaat wat van veel meer praktiese en geestelike waarde vir ons volk is as 'n huis in die vreemde, en dit lê veel meer op ons weg om daardie dinge wat hy geskep of gehelp skep het in ere te hou. Die staat waarvan Kruger die hoof was, was 'n Afrikanerstaat met 'n eie karakter, en daardie staat met sy eie stelsel is deur die Britse veroweraar vernietig. In die plek daarvan het ons die vreemde partystelsel, uit Brittanje ingevoer, gekry. Vandag staan hierdie vreemde stelsel as 'n monument vir daardie Britse verowering waarvoor Kruger in die vreemde gesterf het, terwyl ons rondval om geld in te samel vir 'n monument in die vreemde — 'n banneling-monument solank ons die Britse stelsel hier huldig.**

Dit is hoog tyd dat ons volk weer perspektief kry en 'n voorraadopname maak van sy geestelike besit. **Dit pas nie om monumente ter aandenking aan die afsterwe van ons groot manne op te rig in die vreemde terwyl ons nie bereid of gewillig is om monumente vir hul lewe binnenslands op te rig nie. En die grootste monument wat vir Kruger ooit opgerig kan word, is om te herstel die dinge waarvoor hy gelewe — en gesterwe — het.**

**Die traagheid om vir die monument van sy dood by te bring, moet miskien ook gesoek word in die ywer om die skeppinge van Kruger se lewe as „volksvreemd" of „onprakties" of „verouderd" aan die volk voor te hou, soos ongelukkig die afgelope jare gebeur het.**

---

*Agter Die Siegfriedlinie (I)*

# WÊRELDOORLOG II DEUR VASTELANDSE BRIL

## *Mededelings Van Sweedse Geleerde Sven Hedin*

Een van die treffendste boeke wat ek ooit die kans gehad het om te lees het my onlangs deur bemiddeling van 'n vriend in die skoot geval. Dit heet **OHNE AUFTRAG IN BERLIN,** deur Sven Hedin, uit Sweeds vertaal en soos die naam aandui in Duits deur die bekende Dürer Verlag uitgegee en wel te Buenos Aires, Argentinië.

### AGTER DIE SLUIER

Die skrywer is weens sy status as wêreldreisiger en navorser van die hoogste wetenskaplike peil 'n wêreldfiguur en behoort in dié sin aan die klein kring beroemdes wat deur hul prestasies in der waarheid wêreldburgerskap verwerf het. Dwarsdeur die sikloniese dae van voor, tydens en na die Tweede Wêreldoorlog het hy die loop van sake met insig en dikwels met béwing van naby gevolg.

Soos die naam van die boek verder bedui was die skrywer nie met enige amptelike laste

*Deur J. de Vos*

belaai nie. Sy siening weerkaats die onbevangenheid van die buitestaander wat geen politieke naam hoef te beskerm nie, gepaard met die belangstelling van die hoogverfynde Vastelander wat sy beskawing bo die afgronde sien wankel. As Sweedse patriot gevoel hy hom bowendien eng aan die hele Germaanse volkerefamilie verbonde en bly sy gedagtes gedurig sweef om die tema van die Aandland se Toekoms — indien enige.

### IN DIE SFERE VAN DIE DERDE RYK

**Ons wat die verloop van sake van Geallieerde kant gevolg het veral omdat ons gegewens oor die ander kant so skamel en vaag is, vergeet later dat agter die Siegfried-linie 'n ander wêreld bestaan het. Dit was 'n heelal-in-die-kleine met Berlyn in die middelpunt en Denemarke, Noorweë, Swede, Finland, Holland, België as die nadere, die res van die ontsaglike invloedsfeer van die Derde Ryk as die verdere planete om die son, met die afgeleë Japan op die grense en Rusland 'n tydelike en besluitlose metgesél.**

Onder die bombardement van tallose oorlogsherinneringe afkomstig aan die bopunt van figure soos Churchill en Eisenhower en in laer range van enigeen wat kon tik of motor bestuur, word dit vergeet dat aan gindse sy van die Siegfriedskanse dieselfde drama met sy menslike en nasionale krisisse, botsings, neerlae en suksesse afgespeel is. Uit hierdie skemeryk wat binne die heugenis van jong mense van vandag na bo gestreef en weer in die dieptes gestort het, kan sekerlik weinige getuies verskyn om die verslag van Sven Hedin te ewenaar.

### NIE SOSEER ANTI AS ANDERS NIE

Dit sou verkeerd wees as uit bovermelde afgelei word dat die beskouinge van die skrywer anti-geallieerd is. Hulle is nie soseer **anti** nie as net heeltemal **anders.** Hy is nie antidemokraties nie. Hy is nie kritieklose bewonderaar van al wat Duits is nie. Hy is nie blinde partydige vir Hitler of Nazisme nie. Hy sien en noem foute wat begaan word. Hy is nêrens uitgesproke teen die Bondgenote nie.

Hy is egter diep bekommerd oor wat vir Europa te wagte is. Hy is sterk van Rusland se ontsettende potensiële mag bewus en baseer sy oortuiging op wetenskaplike kennis persoonlik in die hartland van Asië opgedoen aangaande die gebiede wat tans die Kremlin toegeval het. Hy is veral deurgaans die Sweedse vaderlander, bloedfamilie van Nore, Finne, Dene en alle Germane wat nie met 'n wêreldryk tot hulle beskikking kan vlug as Europa te nou word nie. Die kultuur waarvan hy deel is, sal op Sweedse bodem staan of val. Dié wete laat spore wat van egtheid en dringendheid getuig, in al sy uitlatings onmiskenbaar na.

Hy besit derhalwe twee kwalifikasies wat in skrywers aan ons bekend meesal verlore deugde is: **intieme feitekennis aangaande verwikkelings aan die Spil-kant en 'n uitgangspunt wat die Vasteland van binne, nie van buite nie, beskou.**

### VERBASENDE VRIENDEKRING

In aanmerking genome dat hy slegs 'n gewone burgerlike was, is die kring van kontakte met wie hy nie alleen op vriendskaplike voet verkeer het nie maar deur wie sy hulp dikwels bygehaal is, verbasend groot. Soseer was dit die geval dat die hoof van die uitgewersfirma John Day & Co., New York, by hom daarop aangedring het om 'n boek onder 'n naam soos **Celebrities and Kings** te skryf. Hulle was van mening dat dit 'n uithaler-afset sou vind.

Die name wat daarin opgeneem sou word sou inderdaad opsien baar. Dit kon insluit dié van Mutsuhito, Keiser van Japan, van twee Pouse, die meeste van die wêreld se wetenskaplikes, Sultan Abdul Hamid, talle van die vorste van Asië en Europa, diplomate en veldhere van alle lande. In sy argief is onder meer te vinde briewe van oud-Keiser Wilhelm, Hindenburg, Hitler, Lord Kitchener en Franklin D. Roosevelt.

### DERDE RYK VIER HELDEDAG

Een van die treffende beskrywings in die boek geld die viering van Heldedag deur die Derde Ryk op 10 Maart 1940. Die uitnodiging tot bywoning het na Sven Hedin gekom van die Stafhoof van die Weermag handelende in opdrag van die „Führer en Opperbevelhebber van die Weermag".

### INDRUKWEKKENDE SEREMONIE

Om half-twaalf die môre is Hedin deur een van die senior amptenare uit die Duitse Diens by sy Hotel afgehaal en deur dig aaneengeslote kolonnes van die SA en SS langs Unter den Linden, volgedrom met toeskouers, na die betreklike klein saal waar die hoofseremonie sou plaasvind, begelei. Aldaar was slegs 'n klein getal van om en by honderd hoë gaste, onder wie Hedin die enigste burgerlike en ook die enigste buitelander was, byeen. In die middel van die saal het 'n swaar rooi tapyt na die kateder gelei met daaragter 'n reuse-afbeelding van 'n Ysterkruis tussen twee Duitse vlae. Aan albei kante van die deurweg het die hoë ampsdraers van die Ryk gestaan: die ministers, veldhere en leiers almal in ampsdrag.

In die heel voorste ry van hierdie uitgelese groep tussen Goebels en Hess het Hedin plaasgeneem.

### HITLER KOM BINNE

Plotseling het stilte toegesak. Die trompette het geskal, alle oë is na die ingang gewend en die regterhande is in saluut omhooggehef toe Hitler binnetree, gevolg deur Ryksmaarskalk Hermann Göring, veldmaarskalke Brauchitsch en Keitel en grootadmiraal Raeder. Die Treurmars uit Beethoven se Eroika word gespeel. Hitler tree na vore en voer vir tien minute lank 'n gloeiende rede ter herinnering aan die gevallenes uit twee Wêreldoorloë. Sy gesig is stroef. Hy skyn onbewus van die aanwesiges se teenwoordigheid te wees, asof hy

(vervolg op bladsy 3 kolom 3)

# Meer Deskundigheid In Staatsbestuur Nodig

**As van ambisieuse politici in baie lande van die wêreld verlang sou word om bekwaamhieds- en intelligensietoetse te ondergaan, sal gevind word dat baie van hulle tekort skiet ten aansien van die vereistes van hul werk, het kol. W. R. Gordon, 'n doeltreffendheidsdeskundige verlede week in Johannesburg gesê. Hy het beklemtoon dat daar in die hoogste regeringskringe ruimte vir verbetering is. Die taak om 'n kabinetsminister te kies, word heeltemal oorgelaat aan die toeval van politieke opportunisme.**

**„As u gevra word om een te huur, wat sal u vereistes vir 'n minister van buitelandse sake of 'n minister van vervoer wees?" het hy gevra.**

**As oplossing het hy aan die hand gedoen dat politici en amptenare kursusse in organisasie en bestuur moet volg.**

## Behoefte In Wyer Kringe Gevoel

In 'n hoofartikel verklaar Die Burger na aanleiding hiervan dat daar min mense sal wees wat fout te vind het met die oordeel van die doeltreffendheidsdeskundiges dat baie politici nie bekwaam vir hul werk is nie. Maar dit is ook waar vir ander beroepe. „Die uitstekendes, die onbeduidendes en die middelmatiges tref ons oral aan waar die mens beweeg." Die parlement, so gaan die blad voort, bied 'n treffende verskeidenheid aan, genoeg om alle smake te bevredig.

„Daar is natuurlik ander maniere waarop 'n Parlement saamgestel kan word," verklaar die blad. „In plaas van die volk vry te laat om elke lid volgens smaak te kies, kan aan die volk voorgeskryf word wie om te kies. Die wêreld het daar ondervinding van, maar ons glo dat die ondervinding die wêreld geleer het dat, onvolmaak soos die produk van vrye keuse ook al mag wees, die alternatief heelwat erger is. 'n Verstandige volk laat nie toe dat hy deur ‚super-manne' geregeer word nie, hy regeer homself."

### WANBEGRIP

Die moeilikheid met meeste van ons partypolitici is, soos ons ook elders in hierdie uitgawe verklaar, is dat daar uitgegaan word van die standpunt dat daar vir 'n volk net een van twee keuses is: òf die Britse parlementêre partystelsel kompleet met gebreke en al, òf 'n tirannie. **'n Middeweg, of liewer 'n ander weg, sien meeste van hierdie mense nie. Daarom ook die keuse wat Die Burger voorhou: òf die „treffende verskeidenheid" „uitstekendes, onbeduidendes en middelmatiges" wat die Britse partystelsel bied, òf die „voorgeskrewe" „super-manne".**

### WIE VOORSKRYF

**Dit is egter 'n feit dat onder die Britse partystelsel meer kandidate „voorgeskryf" word aan die kiesers as wat laasgenoemde vrywillig kies. Ons ken byvoorbeeld die ingevoerde partykandidaat wat vandag 'n groot deel van die volksraadsbanke vol sit, en van wie meeste van sy kiesers vir die eerste maal hoor wanneer sy nominasie in die koerante aangekondig word. Hy word deur die hoofleiding van die party as kandidaat ingeloods op grond van dienste aan die party gelewer — meer dikwels in die vorm van geldelike as verstandelike bydrae.**

### OOK KABINET

Dieselfde geld vir kabinetsposte. Dit is by verre nie die bekwaamste en geskikste manne wat as hoofde van die departemente aangestel word nie, maar manne wat groot diens aan die party gelewer het. **En van die goeie party-gunstelinge wat nie almal kabinetsposte kan kry nie, word voorsitter gemaak van die diamant-, mielie- of ander soort raad, al het die party-gunsteling in die geval van eersgenoemde byvoorbeeld nog nooit 'n diamant gesien nie.**

Afgesien van die natuurlike bekwaamheid wat in alle beroepe 'n verskeidenheid meebring, skiet die partystelsel juis daarin te kort dat dit net een deurslaggewende toets vir staatsbestuur het, **en dit is lojaliteit aan die party.**

### DIE OPLOSSING

'n Beter oplossing vir die vraagstuk waarna die heer Gordon verwys het, is dat 'n deel van die volksverteenwoordigers aangewys word op grond van hul besondere kennis van 'n bepaalde bedryf — dit wil sê beroepsverteenwoordiging waarvolgens die voorman van die boere die boeregemeenskap in die parlement verteenwoordig — in alle waarskynlikheid die voorsitter van die S.A. Landbou-unie — of die voorman van die geneeshere die mediese beroep — in alle waarskynlikheid die voorsitter van die S.A. Mediese Raad. Dit sal geen „voorgeskrewe" verteenwoordigers wees nie, maar deskundiges wat deur hul eie kring aangewys word.

### BESTE KRAGTE

Daarbenewens kan kiesafdelings dan algemene volksverteenwoordigers aanwys wie se taak dit hoofsaaklik sal wees om die breë lands- of volksbeleid te verteenwoordig, en ten slotte word die uitvoerende gesag — 'n liggaam wat die twee elemente van beroepsbelang en volksbelang moet verenig — dan saamgestel uit die beste kragte uit die volk ongeag party- of parlementêre lidmaatskap. Die Ossewabrandwag beskou dit selfs noodsaaklik dat laasgenoemde hoegenaamd geen sitting in die volksverteenwoordiging moet hê nie, net soos dit in die Boere-republiek die geval was.

**In so 'n stelsel sal daar baie meer geleentheid wees vir die opgeleide en bekwame man as in die huidige Britse stelsel met sy party-trou as die hoogste — en dikwels die enigste — maatstaf vir verdienste.**

## Sowjet-Duikbote Bedrywig Naby Amerika

Russiese duikbote is die afgelope weke op meer as een plek in die nabyheid van die Amerikaanse vasteland opgemerk, onder meer by die Panamakanaal en aan die Ooskus van Kanada.

Volgens militêre waarnemers beskik Rusland vandag oor die grootste duikbootvloot in die wêreld. Hy het eenvoudig die Duitse duikbootvloot oorgeneem en voortgegaan met die produksie van die nuutste Duitse ontwerpe waarvan die planne en halfklaargemaakte produkte in sy hande geval het toe die Geallieerdes hom toegelaat het om die Duitse duikbootwerwe in besit te neem.

## Suigsels Uit Een Blommetjie

**Hoe die arme volk onder die partystelsel steeds uitgerek word tussen twee uiterste standpunte, en daar geen besadigde en objektiewe benadering van feite en toestande is nie, word treffend geïllustreer deur die kommentaar van die regerings- en opposisiepers op die toespraak van die hoof van die Reserwebank, dr. M. H. de Kock.**

Op dieselfde dag kom Die Burger en die Cape Times uit met 'n hoofartikel oor die toespraak. Eersgenoemde se opskrif lui: **„'n Merkwaardige Getuigskrif"**, terwyl die Cape Times aankondig: **„Verdoemende Aanklag."**

Die Burger skryf onder meer: **„Die toespraak is terloops ook die proef op die som vir sover dit die Regering se beleid betref; met vlieënde vaandels kom die Regering deur die toetstyd van die afgelope twee jaar . . . Die toespraak van die President van die Reserwebank gee die genadeslag aan die Sap-propaganda dat die Regering nie met Suid-Afrika se ekonomiese ontwikkeling en geldsake te vertrou is nie."**

Die Cape Times skryf: „Die optimistiese verklaring van die President van die Reserwebank oor die land se geldelike toestand hou net so 'n vernietigende kritiek in op die Regering se beleid as wat deur 'n lid van die Opposisie uitgespreek kan word . . . **Dit is die tragedie van die land dat op die oomblik wanneer hy vèrsienende grootmoedige staatsmanne die meeste nodig het, hy deur 'n kliek bekrompe politici regeer word wat die land se belange ondergeskik maak aan hul party-behoeftes."**

(vervolg van bladsy 2 kolom 5)

slegs met die Dodes verkeer. Hy sluit af en die Horst Wessel-lied weerklink. Dan tree hy na buite terwyl die gehoor roerloos soos gegote standbeelde met verhewe regterhande sy vertrek salueer.

Daarop lê hy 'n krans by die Graf van die Onbekende Soldaat en neem die saluut van die infanterie en verbyrollende pantser-afdelings in ontvangs terwyl donderende salvo's die eggo's tussen die geboue wek, die vaandels wapper en die marsmusiek die parade voortlei.

* * *

**Dit was slegs tien jaar gelede, 10 Maart 1940, die glanstyd van Hitler se Derde Ryk.**

(Word vervolg)

# Ierland Se Vryheid Beseël — Vir S.A. Net Gemengde Gevoelens

**Die Ierse onafhanklikheid is verlede week beseël deur die uitruiling van ambassadeurs tussen Brittanje en Ierland. Vir meer as sewehonderd jaar het die Iere hul stryd om volledige vryheid, afgeskei van die Britse Ryk, gevoer en die uitruiling nou van ambassadeurs is die erkenning deur Brittanje van die bekroning van die stryd.**

Suid-Afrika en die ander dominiums word in Londen nog verteenwoordig deur „hoëkommissarisse" — 'n aanduiding dat die betrokke lande die Britse koning as gemeenskaplike hoof aanvaar.

'n Rubriekskrywer van die Cape Times merk in die verband met 'n glimlag op:

**„Dr. Geyer moes gemengde gevoelens gehad het in Londen toe die Ierse ambassadeur hierdie week vir die eerstemaal deur die Koning ontvang is. Suid-Afrika, Kanada en Australië het nog steeds hoëkommissarisse."**


Volgens die jongste skatting van die Departement van Landbou word daar vanjaar 26,000,000 sak mielies verwag. Verlede jaar se oes het 20,619,000 sak opgebring.

## ZOELOES BLY OOR WET WAT RASSE SKEI

**Die agitasie teen die regering se segregasie-wetgewing op grond dat dit teen die nie-blankes sou diskrimineer, het verlede week 'n terugslag gekry toe 'n groep Zoeloe-leiers aan min. T. E. Dönges dank betuig het vir die wet op aparte groepsgebiede waardeur hulle in die toekoms afgeskei sal word van die Indiërs.**

**Dr. Dönges het ook aan hulle gesê dat die regering voornemens is om aanstaande jaar wetgewing in te dien wat gemengde huwelike tussen verskillende nie-blanke rasse ook sal verbied. Die Zoeloes het ook hiervoor dank uitgespreek en gesê dat hulle bly is dat daar 'n regering aan bewind is wat ook aan hul belange dink.**

*DIE VERBAND WAS HOOG . . .*



**Sou sy die huis behou?**

Fanie en Rina het elke moontlike pennie gespaar om daardie verband op hul huis afbetaal te kry—van menige plesiertjies afgesien om hul kinders 'n ware tuiste te kan gee. Alles het goed gegaan; nog 'n paar jaar en die huis sou hul eie wees.

En toe oorval die noodlot hulle—Rina is alleen agtergelaat—'n jong weduwee met kinders om voor te sorg, groot te maak en op te voed. Nou moes *sy* sorg dat hulle 'n tuiste sou hê.

Gelukkig het Fanie vroegtydig rekening gehou met al sy verpligtinge. Hy het nie net gesorg vir genoeg assuransie op sy eie lewe nie; hy het ook die *verband* op die huis verseker . . . .

● Sê nou, so iets sou ook met U gebeur? Sou U gesinnetjie hulle tuiste behou, of sou hulle maar iewers in 'n losieshuis of onder 'n vreemde dak, van maand tot maand moet klaarkom? Vra VANDAG hoedat Sanlam u gesin se tuiste kan beskerm.

●

Suid-Afrikaanse Nasionale Lewensassuransie-Mpy. Bpk.

*Hoofkantoor:*
Waalstraat 28, Kaapstad.
Takke en Agentskappe Oral.

**Daar is altyd uitkoms by Sanlam!**

SANLAM

Sanlam, Afdeling 17a, Posbus 660, Kaapstad.

*Laat my asb. dadelik weet hoe ek kan voorsorg tref dat my huis se verband afbetaal word indien ek nie meer daar sou wees nie.*

NAAM: ..................................

ADRES: ..................................

..................................

*Beroep:* .............. *Ouderdom volgende Verjaarsdag:* ........ 51

**TARIEF VIR GEKLASSIFISEERDE ADVERTENSIES:**

**Huishoudelike Kennisgewings:**
(Verlowing, huwelik, geboorte, sterfgeval, in memoriam, gelukwensing, ens.) 1d. per woord; minimum 2/6 per plasing. Vooruitbetaalbaar. Vir herhalings 25 pst. afslag.

**Handelsadvertensies:**
Eerste plasing, 2d. per woord. Vir herhalings 25 pst. afslag.

**Intekengeld op „Die O.B." (verskyn weekliks): 12/6 per jaar of 6/3 per 6 maande. Vooruitbetaalbaar. Stuur advertensiegeld, bestellings, en intekengeld na VOORSLAG (EDMS.) BPK., Posbus 1411, Kaapstad.**

## ONE EIE ONDERNEMING

Het u enigiets wat u wil verkoop? Dit maak nie saak wat dit is nie. Handewerk of enige tuisgemaakte produk of enige ander Handelsartikels (nie bederfbare produkte nie). Ek kan dit vir u verkoop, mits u vir my voorrade op rekening kan stuur, betaling geskied nadat alles verkoop is. Meld u prys asook kommissie wat u kan betaal. Het agentskap vir geraamde prente en boeke. Het formule vir vervaardiging Handelsartikels. Benodig ligte afleweringsmotor om omgewing deur te reis met neem van bestellings. Wil ook groente verkoop, het reeds ooreenkoms met persone wat gewillig is om groente op hulle grond om die helfte te plant, mits ek net die saad gee. Gaan self grond huur en plant ongeveer 5/- per maand. Kan goeie besigheidsgebou te huur kry. Ek vra nou 24 Afrikaners wat so goed kan wees om elk £20 by my te belê om hierdie onderneming moontlik te maak.

Gewilliges skryf asseblief dadelik aan **„Onderneming", Posbus 1411, Kaapstad.** 2/8/1

## ALGEMEEN

**Bergheim.—Vakansie-oord..** Posbus Kroondal, Rustenburg. Tel. 1023, Rustenburg. Goeie smaaklike etes, elektriese lig, binneveermatrasse, water in kamers, perdry, beste swembad, tennis en ander sport. Mooiste plek van omgewing. Terme redelik. **K. J. H. Behrens.** 2/8/5



## TE KOOP! £5!!

—Nee, dis nie 'n *paaiement* nie maar bloot die paar pond wat dit u mag kos om u huis en sy inhoud teen brandskade te verseker.

Sorg dat u huis en die inhoud u eiendom sal BLY, deur—

**'n SANTAM - Brandpolis**

**SANTAM**

SUID-AFRIKAANSE NASIONAL TRUST EN ASSURANSIE MPY., BPK

Takke en Agentskappe Oral

2808-4a

## BEESTE

**Te koop. Jersey koeie en verse:** Skakel 6811, Wellington. **Telegrafeer Du Toit, Malanstasie.** 19/7/13B

## SPEELSKEIE

**Bottelskeie** 4/-; kopskeie 4/6; Agtkantige 5/-; Dubbelkop 5/6; per paar. Goeie houtsoorte. **Koos Botha, P.S. Serpentine, Dist. George.** 26/7/8

## GRYSHARE

**GRYSHARE,** skilfers, ou voorkoms, onnodig. Oortuig u self deur **GRYSHAARWONDER** die jongste kunsmatige wêreldwonder, haar en kopvel voedingsmiddel te gebruik, skadeloos, kleurstofvry, 5/- per bottel, geld met bestelling.—**Boeregeneesmiddels,** Posbus 4272, Johannesburg. D/1/9/49

**Antigrys kunsmatige haar,** kopvel voeding. Herstel gryshare en baard binne een maand tot natuurlike kleur, of geld terug. Geen kleurstof. 5/6 Per bottel, posvry. Kontant met bestelling. **Die Boerevrou, Posbus 7559, Johannesburg.** F14/6/50

## MEDISYNE

**GESONDHEID** is u regmatige erfenis, oortuig u self deur ons behandelings te gebruik en u kwaal te ontwortel, skryf, inligting gratis, **Boeregeneesmiddels,** Posbus 4272, Johannesburg. B/1/9/49

**Voor u alle hoop van genesing laat vaar, en u aan die ergste onderwerp skryf, dan vir oulaas, raadpleeg Die Boerevrou, Bus 7559, Johannesburg.** (Nr.1) 1/9/49

## MARK AGENTE

**Kamerade Aandag!** As julle miskien 'n ander agent ondersteun het voordat ek begin het, kan julle mos darem so af en toe julle besendings deel, of hoe? Merk julle besendings **Bellingan, U.T.H.,** die Spoorweë verkies dit so. Plaas julle bestellings vir vrugtebome vroegtydig by **Sunrise Nurseries, Posbus 4 Nuweplaas.** 19/4/TK

## MEUBELS

**MEUBELS.—** Beter meubels teen billiker pryse Babawaentjies, stootkarretjies, driewiele, linoleums, tapyte, ens., ook altyd in voorraad. Geen Katalogus. Meld waarin u belangstel. **—VISSER-MEUBELS,** Langstraat 179, Kaapstad. 3/12/11

## RADIO

**LOUW EN LOUW,** die Beroemde Radio-ingenieurs, Stasieweg, PAROW, verkoop en herstel Radio's en Elektriese Toestelle. Geregistreerde Elektrisiteitsaannemers. Foon 9-8435

## VAN'S CONCRETE PRODUCTS (EDMS.) BEPERK

**Direkteure:**
P. W. J. van Heerden.
P. G. van Heerden.
Potgieterstraat 258,
h/v Pretoriusstraat,
PRETORIA.

Teëls (Vloer en Muur), Kombuisopwasbakke (Terrazo en Vleklose staal), Vuurherde, Septiese eenhede vir gesondheid, Pilare, Wasvate, Bouers- en Loodgietersbenodigdhede, Staalrame, Verf, ens. 3/5/T.K.

# Die Tyd Word Min!

Almal wat **republikeine** is . . .

Almal wat ware **volkseenheid** nastreef . . .

Almal wat 'n **blanke toekoms** soek . . .

het belang daarby dat Die O.B. deur soveel as moontlik gelees word.

Help ons om nog 'n intekenaar te kry en u skakel nog 'n krag by in die stryd vir volk en vaderland.

Vul onderstaande intekenvorm in en pos saam met geld aan Die Sekretaris, Voorslag (Edms.) Bpk., Posbus 1411, Kaapstad.

## Intekenvorm

*Neem asseblief my naam op as intekenaar op „Die O.B." tot ek u in kennis stel om toesending te staak.*

*Hierby ingesluit vind u die bedrag van......................*

*..............................vir die eerste...........................maande.*

*NAAM*..........................................................
(Naam en Adres in Blokletters)

*POSADRES*..........................................................

..........................................................

..........................................................

..........................................................
*Handtekening.*

**Intekengeld: 12/6 per jaar of 6/3 per halfjaar.**

**Voeg asseblief Kommissie by plattelandse tjeks.**

# ONGELYKE LAS VAN LEWENSKOSTE

**„Staatsamptenaar", Heidelberg, skryf:**

Staatsamptenare en Spoorwegwerkers is, sover dit lewenskoste-toelae aanbetref, onder die huidige regering slegter daaraan toe as wat hulle onder die Smuts-bewind sou gewees het!

Die Smuts-regering het lewenskoste bereken op 'n basiese salaris van £350 per jaar terwyl die huidige regering dit verbeter het na £400 per jaar. (Vir hierdie tegemoetkoming is ons terloops die teenswoordige bewind opreg dankbaar). Net voor devaluasie egter, word lewenskoste vasgepen op 52%, wat 'n jaarlikse toelae van £208 vir getroudes beteken. Volgens die jongste opgawe het lewenskoste tans gestyg na 61%. Op die £350-basis van die vorige regering sou ons tans dus £213/10 toelae gekry het i.p.v. £208 vandag! Maar deur hierdie vas-„penning" verloor ons nou reeds £36 per jaar en die lewenskoste styg nog steeds!

'n Amptenaar wat voor die oorlog bv. £600 per jaar gekry het, kry in vergelyking vandag dus £808, wat 'n vergelykende vooroorlogse koopkrag het van slegs £300 — £400. Hoe kan ons dus dieselfde lewenstandaard handhaaf as ons salarisse se koopkrag met die helfte gedaal het?

Die regering het pas ons vertoë om hoër lewenskoste-toelaes van die hand gewys op grond daarvan dat die „voordele" van devaluasie nie deur hoër toelaes verslind moet word nie! Terselfdertyd skiet pryse van elke lewensmiddel, ten gevolge van devaluasie, die hoogte in, maar veilige winsgrense word verseker vir alle groothandelaars, kleinhandelaars, petrolmaatskappye, en so meer. Is dit regverdig dat een groep van die bevolking die las van devaluasie alleen moet dra, terwyl ander toegelaat word om die „voordeel" daarvan te gebruik om hulle verder te verryk?

# VERJAARDAG-KETTING

('n Deel van hierdie lys is per abuis in 'n vorige uitgawe weggelaat. Ons vra die maats om verskoning).

### JULIE

20 Judith de Winnaar, Frankfort.
Anita Louw, Stellenbosch.
Barry du Plessis, Kanoneiland.
21 Mara Rademeyer, Oudtshoorn.
Maria Eloff, Matooster, Tvl.
22 Jan Roux, Franschhoek.
23 Jan Nel, Kakamas.
24 André van der Spuy, Paarl.
Oltman Minnie, Oudtshoorn.
25 Rita Basson, Wellington.
Petrus Olivier, Oudtshoorn.
Barend van Halst, Kanoneiland.
Petrus Roos, Brits.

### AUGUSTUS

2 Maria Visser, Kakamas.
3 Johannes van der Westhuizen, Loxton.
Jeannetta Nortier, Vredendal.
J. Swiegelaar, Oudtshoorn.
Okkie de Jager, Oudtshoorn.
4 Theunsina van Wyk, Matooster.
Hermanus Cilliers, Luckhoff.
Jan du Toit, Kirkwood.
Marie du Toit, Kirkwood.
Johan Lubbe, Barkly-Oos.
5 Gertruida Venter, Pietersburg.
Maria Pretorius, Frankfort.
Susanna Vermeulen, Luckhoff.
Serena van der Spuy, Paarl.
6 Martha Barnard, George.
Elardus Erasmus, Bosbokrand.
7 Dina Nortje, Kafferskraal.
Pieter du Toit, Loxton.
Siska van der Merwe, Stellenbosch.
Magrieta Kriel, Vryburg.
8 Ansie Hougaard, Paarl.
Hetta Riekert, Saulspoort, Tvl.

# Soos Ons Lesers Dit Sien

# Russe Keer Terug Met 'n Plan

Rusland het ewe plotseling verlede week aangekondig dat hy weer van gister af sitting sou neem op die Veiligheidsraad van die V.V.O.

Vir sewe maande lank het die Russiese verteenwoordigers die V.V.O. geboikot weens die teenwoordigheid van Nasionale Sjina se afgevaardigdes in die liggaam. Die terugkeer van die Sowjet nou dat dit sy beurt is om voorsitter te wees van die Veiligheidsraad, word beskou as 'n slenter om die Nasionale Sjinese uitgeknikker te kry, daar die voorsitter kan reël dat hulle geen reg van sitting het nie. Daar sal dan gestem moet word, en aangesien Brittanje en Noorweë reeds die Kommunistiese Sjinese erken het as die wettige regering van Sjina, en eersgenoemde hom bereid verklaar het om hom te beywer vir die uitskopping van die Nasionale Sjinese, sal die stemming op 'n oorwinning vir die Russe uitloop — tensy Brittanje van standpunt verander.

# Volkskas Verander Dalk Naam

Die direksie van Volkskas Bpk. het besluit om by sy lede aan te beveel dat die naam van die bank verander word tot Suid-Afrikaanse Nasionale Handelsbank Beperk — 'n naam wat na die mening van die direksie beter by die bank sal aanpas en sy funksies en bedryf beter sal vertolk, na in die jongste jaarverslag van die direkteure van Volkskas verklaar word.

Die jaarverslag toon ook dat die onderneming groot welslae in die afgelope jaar behaal het. Daar is nie minder as dertien nuwe takke geopen nie. Die bank het reeds 77 takkantore, terwyl vir nog twee takke in Fordsburg, Johannesburg (wat intussen geopen is) en Graaff-Reinet voorbereidsels getref word.

Op 1 Februarie was dit presies 15 jaar gelede dat met die bank 'n begin gemaak is. Die mylpaal is gekenmerk deur die ingebruikneming van die nuwe Volkskas-gebou in Johannesburg op 23 Januarie.

Met die afsluiting van die geldjaar op 31 Maart het die ingeskrewe kapitaal van die bank £1,452,213 beloop. Hiervan is £1,447,692 gestort, sodat daar slegs 47,787 aandele vir plasing oorgebly het.

In die verslag word verklaar dat hierdie getal sedertdien tot sowat 30,000 verminder is. Tans is meer as 9,760 persone aandeelhouers van die bank. Wanneer die 30,000 aandele ook opgeneem is, sal die gemagtigde kapitaal, nl. £1,500,000 volteken wees.

Nadat alle bedryfsuitgawe en administrasiekoste gedek is en afskrywings en voorsiening vir slegte skulde, belasting en oordrag na gebeurlikheidsreserwes, asook bydrae tot die pensioenfonds in rekening gebring is, word 'n bedrag van £71,018/9/5 opsy gesit vir 'n voorgestelde dividend van vyf persent op die gestorte kapitaal. Verder word voorgestel dat die algemene reserwe verhoog word tot £135,000 en 'n bedrag van £53,217/10/11 na die volgende geldjaar oorgedra word.

# VERLIGTING VIR KANKERLYERS

Verligting van die ondraaglike pyne van kanker is verkry deur die toediening van giftige stikstof-mosterdstowwe. Daar is nog geen bewys dat die gifstof kanker kan genees nie, maar daar is tog aanduidings dat dit die kanker laat krimp.

Hierdie stof is chemies baie naverwant aan die gevreesde oorlogswapen, mosterdgas en is met welslae in Amerika teen kankerpyne op die proef gestel.

Slegs tien persone is dusver met die stof behandel en almal van hulle het reeds in hul laaste stadium verkeer. Almal het verklaar dat die ontsettende pyne binne agt tot 48 uur ná die behandeling verdwyn het. In hierdie gevalle is die behandeling uitsluitlik met die doel om pyn te verlig, toegedien.

Proewe wat in proefbuise met hierdie stof uitgevoer is, het getoon dat dit wel die kankergroeisel vernietig, maar terselfdertyd vernietig dit ook die gesonde vesel wat die kanker omring. Dit gebeur wanneer die inspuiting in die grootare gedoen word. Wanneer die inspuiting egter in die fyn aartjies waar die kanker geleë is, gedoen word, en die stof afgesluit word sodat dit nie na die gesonde vesel kan versprei nie, val dit slegs die kanker aan.

Dit is 'n uiters gevaarlike behandeling en moet met die grootste versigtigheid toegedien word.

In hoeverre dit sal help om kanker in sy beginstadium te bestry, is nog nie ondersoek nie, maar wetenskaplikes meen dat dit moontlik is om hierdie stof aan te wend om kanker te keer instede van te opereer.

Ondersoek met proefdiere dui daarop dat die stof die kanker laat krimp.

## O.B. JAARGANGE

**JAARGANGE 1947-48 — JAARGANGE 1948-49**

**Nou verkrygbaar teen £1 5s. elk. Posgeld ingesluit.**

***VOORRAAD BEPERK***

**BESTEL DUS DADELIK BY:**

**VOORSLAG (EDMS.) BPK.**

**Groote Kerk-gebou 703 — Kaapstad**

## Brief Aan My Partyvriend:

# Waarom Moet Daar Nou Juis Gebreek Word?

Geagte Vriend,

Toe ek mnr. Havenga se toespraak verlede week lees, het dit by my opgekom hoe moeilik ons dit darem vir onsself maak deur vas te kleef aan 'n Britse stelsel wat 'n paar eeue gelede in die mode gekom het. Mnr. Havenga het dit gehad oor die mooi gees van samewerking tussen die partye wat die regeringskoalisie vorm, en die vrugte wat hierdie samewerking ten gevolge gehad het. Hy het punt vir punt aangetoon hoe daar 'n gemeenskaplike grond vir samewerking bestaan en die begeerte uitgespreek dat hierdie samewerking nog langer moet voortduur.

Maar op een punt het mnr. Havenga 'n verskil tussen hom en die Herenigde Party beklemtoon — die metode en mate van wysiging van die Kleurlinge se stemreg. Niemand kan mnr. Havenga kwalik neem oor sy standpunt nie. Dit is sy oortuiging en die oortuiging van baie ander Afrikaners wat voel dat dit noodsaaklik is dat ons nie die reeds geskokte vertroue van die nie-blanke nog verder moet vernietig en die vraagstuk van rasseverhoudings nog onhanteerbaarder maak as wat reeds is nie. **En 'n man se oortuiging is 'n kosbare ding — dit is deel van sy persoonlikheid. Jy kan en mag 'n man se oortuiging verander deur hom met argumente tot beter insigte te bring, maar jy mag nie sy oortuiging onder die voete vertrap soos elke dag in die partypolitieke koukus gebeur nie. Inteendeel, 'n afwykende oortuiging is dikwels 'n slypsteen waarmee handelinge reggeskaaf kan word.**

### VERKEERD

Maar onder die Britse partystelsel word hierdie slypsteen heeltemal verkeerd gebruik net soos 'n bobbejaan jou slypsteen verkeerd sal gebruik as jy dit by sy paal neersit. In die eerste plaas word die meningsverskille binne elk van twee groepe gelyk geskakel — daar word net 'n regeringsoortuiging en 'n opposisie-oortuiging toegelaat. Laasgenoemde vorm die slypsteen en dit is hier waar dit in die bobbejaan se hande kom, want jy weet, 'n jaloerse mens is niks meer as 'n bobbejaan nie. **Mnr. Havenga het in sy toespraak byvoorbeeld daarop gewys hoe die amptelike opposisie selfs gewyer het om die land in ekonomiese ellende te stort as hy daarmee net die regering tot 'n val kan bring — 'n baie dom ding om te doen, sou jy sê. Maar die enigste verskil van mening of oortuiging wat in die parlement onder die Britse stelsel toegelaat word, is die „amptelike opposisie-oortuiging". As jy wil verskil van die regering, is daar vir jou net een pad oop, en dit is opposisie toe. Dáár het jy reg om te verskil, maar solank jy by die regering is, nie.**

### GEDWONGE

Of, as jy van so 'n groot waarde is dat die regering nie kan bekostig om jou te verloor nie, dan gee die regering nie uitvoering aan sy eie oortuiging nie, en stel hy die dinge wat hy meen gedoen behoort te word, maar uit of af. Dit is die tweede misbruik van die slypsteen — oortuigings word in 'n dwangbuis gedwing.

As dr. Malan byvoorbeeld môre met sy opvatting van die Kleurlingstemreg sou kom om dit toe te pas met wetgewing, bly daar vir mnr. Havenga net een van twee dinge oor om te doen: **hy moet breek met dr. Malan en daarmee laasgenoemde tot 'n val bring, of hy moet sy oortuiging onder sy voete vertrap en vir dr. Malan se maatreël stem.**

Nou wil ek jou vra: **waarom moet 'n samewerking waarbinne daar in verband met soveel belangrike dinge eenstemmigheid heers, verbreek word net omdat daar verskil van mening op één punt bestaan? Oor 99 sake is daar eenstemmigheid, maar as daar tot optrede oorgegaan moet word, kan één enkele punt van verskil al die ander 99 verydel en die samewerking in duie laat stort.**

### IN REPUBLIEK

Waarom moet dit so wees? Daar bestaan geen logiese rede voor nie. Dit is bloot 'n reël van die Britse partystelsel, net soos dit 'n reël is in rugby dat 'n skoonvang 'n speler die reg op 'n strafskop gee. **Ons voorouers in die Republieke het hierdie reël nie geken nie, want hulle het geen spel gespeel nie — hulle het regeer. As daar verskil van mening oor 'n saak was, dan het elkeen volgens sy oortuiging gepleit en gestem, en die oortuiging van die meerderheid het wet geword. Die minderheid is dan nie gedwing om te „breek" nie, want daar kon van niks behalwe die staat self weggebreek word nie. Hulle het nie kunsmatige partye gehad waaraan groter trou verskuldig was as aan die volk of die eie oortuiging nie. Regering van die land was nie 'n monopolie van 'n groep wat voortdurend sy groen kussings moes verdedig teen die regmatige en pligsgetroue aanslae van 'n amptelike opposisie wat streef na dieselfde monopolie nie. En daarom het dit geen saak gemaak hoe 'n man deur sy oortuiging gelei word om te stem nie. As die regering 'n stemming in die volksraad verloor, hoef hy nie te bedank het nie, want hy verteenwoordig nie 'n party wat nou 'n nederlaag gely het nie, maar hy verteenwoordig 'n volk wat die reg het om deur middel van sy verteenwoordigers sy oortuiging aan die regering bekend te maak. Dit is daarvoor dat daar 'n volksraad is.**

Maar die partystelsel het die volksraad van sy taak beroof en dit verneder tot 'n uitstalvenster van partybeleid wat in die koukus geformeer is. **En in daardie venster moet ook die eenheid van die regering gedemonstreer word.**

---

## Sal Omsetting Van Voedsel En Petrol In Krag Kan Sien

Die ontdekking van atoomsplitsing het 'n nuwe veld vir die navorser geopen deur middel van die sogenaamde isotope wat gebruik kan word om byvoorbeeld prosesse in die menslike liggaam of plantelewe waar te neem. Een van hierdie atoomprodukte is onlangs op 'n tentoonstelling in Londen aan die publiek getoon. Dit is afkomstig van koolstof en word C14 genoem.

Daar word verklaar dat hierdie produk vir meer wetenskaplike navorsing gebruik kan word as enige ander isotope, en as volg gebruik kan word in biologie, medisyne, landbou en die nywerheid.

Biologie: om die prosesse te bestudeer waardeur voedsel omgeskep word in lewende materie deur die mens en dier.

Medisyne: om die aksie van vitamines, hormone, verdowingsmiddels en kanker-produserende stowwe te bestudeer.

Landbou: om ondersoek in te stel hoedat plante soos koring en aartappels koolstofdioksied uit die lug omskep tot suiker en stysel, en om te help in die stryd teen plante-siektes, soos bv. tabak-virus.

Nywerheid: om die verspreiding van koolstof in staal te bestudeer, in die produksie van sintetiese petrol, in die analiese van gekompliseerde gemiese mengsels, en ook om ondersoek in te stel na die reaksie van petrol in motore.

---

## Truman En Jode: Lof Van Al Kante

**Pres. Truman se houding jeens die Jode is die voorwerp van berigte in die Jewish Herald en The Cross and The Flag — laasgenoemde orgaan van die Christelik-nasionale beweging in Amerika, wat die volgende opsomming gee:**

„In Washington het pres. Truman, 'n slim politikus, dit raadsaam sowel as populêr en goedkeurend gevind om groot getalle van Roosevelt se handlangers in die pad te steek, soos Rosenman, Ickes, Wallace en hul soort. Hy het Baruch (Roosevelt se groot indoena) en sy beskermling Jimmy Burnes, vervang. Hy het die Withuis gesluit vir Walter Winchell en Drew Pearson. Hy voer nie gesprekke met Frankfurter soos Roosevelt nie, en meeste van sy nuwe aanstellings is Christene...

„Daar was twee hoopvolle tekens merkbaar in die oorwinning van Truman. (a) Dat dit moontlik is om 'n president te kies sonder die Joodse stemme van New York, wat Truman verloor het en (b) dit moontlik vir 'n man is om president van die Verenigde State te wees en te bly met Bernard Baruch teen hom."

Hierteenoor berig die Jewish Herald dat daar 'n nuwe dorpie in Israel na pres. Truman vernoem word, Kfar Truman, as blyk van waardering vir alles wat die president vir die Sionisme gedoen het.

Die berigte klink teenstrydig, maar bevordering van 'n Joodse staat in Palestina — wat 'n oplossing vir die Joodse vraagstuk bied — is natuurlik heeltemal te rym met 'n nasionale beleid tuis — trouens gesonde nasionalisme het ook waardering vir 'n ander se nasionalisme . . . op die regte plek.




[CCP-I] KURK OF GEWOON

In naam en tradisie 'n eg Suid-Afrikaanse sigaret

10 vir 6d. 20 vir 1/- 50 vir 2/4





BEROEMD en WELBEKEND oor die 66 jaar vir BESTE WAARDE in

KLAVIERE


VLEUELKLAVIERE
HUIS- EN KERKORRELS

sowel as alle

ander soorte MUSIEKINSTRUMENTE en Toebehore.
GRAMMOFONE, Plate, ens. — DRAADLOOSTOESTELLE
BLAD- en BOEKMUSIEK in grootste verskeidenheid

Spesiale Afdeling:

WAPENS



PATRONE, Jagbenodigdhede, VERKYKERS, Weerglase
Sakmesse, Valle vir Ongedierte, Jagmesse, ens.

Nuwe afdeling vir
YSKASTE • ELEKTRIESE STOWE • Elektriese Artikels

R. MÜLLER (Eiens.) BPK.

Hoek van Kasteel- en Burgstraat — Posbus 133 — KAAPSTAD


---

## MENS KAN DALK WEER LANK LEWE

**Die ontdekking van nuwe chemiese stowwe kan daartoe lei dat die mens dalk weer 100 jaar en ouer kan word.**

Dit is die mening van wetenskaplikes wat die eerste konferensie oor die wetenskaplike studie van ouderdom aan die universiteit van Luik bygewoon het.

Die wetenskaplikes het na Luik gekom om gedagtes te wissel oor hoe om die veroudering van die mens te voorkom. Een van hulle het daarop gewys dat dit niks sal beteken om oud te word indien jy nie gesond is nie en, miskien nog belangriker, om in staat te wees om voort te gaan met jou werk nie.

Tydens die konferensie is daar aan die lig gebring dat nuwe chemiese stowwe ontdek is om klolesterol uit die are te verwyder. Klolesterol veroorsaak die verkalking van are en veroorsaak ook klonte in die bloodstroom.

Dokters meen dat indien hierdie kwale verhoed kan word, en 'n geneesmiddel vir kanker gevind kan word, daar geen rede bestaan waarom die mens nie honderd jaar of ouer kan word nie.

# Kongres Bespreek Groot Aantal Beskrywingspunte

**Die Kongres van die Afrikanerparty wat verlede Woensdag in Bloemfontein vergader het, moes 'n groot aantal beskrywingspunte afhandel. Verreweg die meeste het 'n politieke strekking gehad: die ander was van algemene aard en hulle is na die Hoofbestuur verwys vir afhandeling. Die politieke beskrywingspunte het in hoofsaak die gevoelens van die Party uitgedruk oor vier aktuele sake:**

**Eerstens het die kongres sy begeerte tot samewerking herbevestig;**

**Tweedens is die eis gestel dat die H.N.P. moet ophou om teen lede van die Afrikanerparty te diskrimineer;**

**Derdens is steun verleen aan mnr. Havenga se grondwetlike standpunt; en**

**Vierdens is uitspraak gedoen ten gunste van die behoud van die Afrikanerparty se identiteit en teen amalgamasie met die H.N.P.**

### MOSIE

Die kongres het 'n komitee benoem om al die beskrywingspunte saam te vat in een voorstel. Die lede van die komitee was mnr. J. H. Viljoen, L.V. (voorsitter); dr. J. F. J. van Rensburg; dr. J. H. Steyn, L.V.; mnr. J. L. V. Liebenberg, L.V.; mnr. C. Venter; mnr. J. Pieterse; en mnr. D. J. Basson. Die komitee het die volgende mosie voorgestel.

**„Die kongres spreek sy dank en waardering uit jeens mnr. Havenga vir die groot dienste wat hy aan die land gelewer het; die kongres verseker hom van die party se volste steun en vertroue in sy strewe om die steun van almal te verkry wat Suid-Afrika eerste stel; en in die voortsetting van sy beleid van gelykwaardigheid en grondwettelike bestendigheid."**

### BES GEDOEN

**DR. JAN STEYN L.V.** wat die mosie toegelig het, het verklaar dat die Afrikanerparty sy bes gedoen het om die bondgenootskap staande te hou. **Daar is net twee dinge wat die bondgenootskap kan breek en dit is die kwessie van diskriminasie en die kwessie van grondwetlike stabiliteit.**

**Hoewel daar vandag nie meer gediskrimineer word teen Engelssprekendes deur Afrikaanssprekendes nie is daar 'n groep Afrikaners wat diskrimineer teen mede-Afrikaners en die beleid van gelykwaardigheid, waarvan in die mosie gepraat word, het veral betrekking op hierdie diskriminasie.** Dr. Steyn het gesê dat hy nie glo dat diskriminasie op die lang duur kan voortbestaan nie, maar solank dit daar is, moet dit onder die oë gesien word.

In verband met grondwetlike stabiliteit het dr. Steyn daarop gewys dat Suid-Afrika, wat 'n land met 'n heterogene bevolking is, veral moet waak in die beskerming van sy grondwet sodat dit nie deur enige regering willekeurig verbreek word nie. Op hierdie gebied het hy gesê is die kwessie van die kleurlingstem nou aktueel.

### DISKRIMINASIE

**MNR. J. G. BENADE (Bloemfontein)** het gesê dat hy soos dr. Steyn voel dat as daar weer 'n Brakpan is, m.a.w. as daar weer diskriminasie is, dit as 'n verbreking van die ooreenkoms beskou moet word. Hy wil sodanige amendement tot die mosie voorstel.

**DS. J. A. PIENAAR (Ceres)** het die amendement van mnr. Benade gesekondeer. Hy het gepraat na aanleiding van die tak Ceres se beskrywingspunt wat lui dat indien die H.N.P. weer diskrimineer teen die Afrikanerparty of teen lede van die Afrikanerparty dit beskou sal word as die outomatiese beëindiging van die bondgenootskap. Ds. Pienaar het gesê dat samewerking alleen op grondslag van gelykheid moet geskied. Daar mag nie diskriminasie wees soos in die geval van Brakpan nie. Die leier moet weet dat as soiets weer gebeur die party agter hom sal staan as hy dit beskou as verbreking van die ooreenkoms.

**MNR. PALM (Bethlehem)** het gesê dat verskeie uitlatings van H.N.P.-ministers hom seergemaak het en seker ook vir min. Havenga seergemaak het. Tot dusver het die Afrikanerparty uitgehou in belang van eenheid. Maar die tyd het nou aangebreek dat die party sy houding in hersiening moet neem.

**ADV. JOHN VORSTER (Brakpan)** het gesê dat diskriminasie vir hom nie 'n persoonlike saak is nie: hy is in beginsel daarteen. Daar is 'n diepgaande begeerte na eenheid by die volk aanwesig. Dog vir 'n sekere seksie het diskriminasie 'n sport geword. Spreker egter weier om verskoning te vra vir wat hy in die oorlogsjare gedoen het. Aan ons bondgenote moet 'n waarskuwing gerig word dat die Afrikanerparty en sy lede gelykwaardig behandel wil word.

**Hierna het mnr. Havenga aan die besprekings deelgeneem en sy standpunt oor die uitskakeling van diskriminasie baie duidelik gestel (kyk berig: Havenga verwerp diskriminasie). Dr. Hans van Rensburg het in 'n onbestrede mosie waardering betuig vir mnr. Havenga se volgehoue verset teen diskriminasie en daarmee is die bespreking van die beskrywingspunte beëindig.**

KRY LIEWER U WINTER-UITRUSTING BY

Steyns

DIE MODEWINKEL
Parow

## NATAL

Aangesien dit nou duidelik is dat die Afrikanerparty as 'n selfstandige party gaan voortleef, hoop ek dat die nasionaliste in Natal dit sal besef en dat hulle sal ophou om lede van die Afrikanerparty vir die H.N.P. te probeer werf. Aldus mnr. Boy Fullard L.V. wat die groete van Natal aan die kongres oorgedra het. Hy het voorts gesê dat hy nie die verkiesing kon gewen het sonder die steun van die O.B.-lede nie. Hy hoop dat die H.N.P. ook met die lede van die O.B. vrede sal maak.

$.„DIE O.B." word gedruk deur Pro Ecclesia Drukkery, Stellenbosch, vir die eienaars en uitgewers: VOORSLAG (Edms.) Beperk, Groote Kerkgebou 703, Posbus 1411, Kerkplein, Kaapstad.

## MNR HAVENGA

Toe mnr. N. C. Havenga eenparig deur die kongres tot leier van die Afrikanerparty herkies is, het hy hom bereid verklaar om die party te lei na die beste van sy vermoë en kragte. Hy sal loop in die voetspore van wyle genl. Hertzog, het hy gesê.

## DISKRIMINASIE VERWERP

(Vervolg van bladsy 1 kolom 3)

aangebreek het om op te hou teruggaan na die oorsake wat mense uitmekaar gehou het en dat na die toekoms gekyk moes word. Tot sy spyt het spreker nie daarin geslaag nie.

Dr. Van Rensburg het intertyd aan hom gesê dat dit 'n groot teleurstelling was, maar dat die volk groter as enige party of groep is.

### O.B. SE HOUDING

Dit was nie dr. Van Rensburg se wens dat spreker moes ophou om met daardie pogings voort te gaan nie.

„Ek glo nie daar is iemand wat sal sê dat daardie stap tot samewerking nie gedoen moes gewees het nie. Ons moet voortgaan en durf nie opbreek waar ons teenslae gekry het nie", het mnr. Havenga verklaar.

Ná hierdie ooreenkoms het O.B.-lede by die Afrikanerparty aangesluit en onderneem om die reëls en beginsels van die party getrou na te kom. Die party se deure het vir hulle oopgestaan, soos vir enigeen wat bereid is om die party se doelstellings te onderskryf en te help verwesenlik. Spreker het vanaf die eerste dag die standpunt ingeneem dat hulle moet deel in alle regte en verpligtinge van die party en dat hulle op die party se beskerming geregtig is.

### BRAKPAN

**Spreker het tevore gesê dat daar nie 'n tweede Brakpan moet wees nie en hy bly daarby. Niks het soveel afbreuk aan die saamwerk-ooreenkoms gedoen as die provinsiale verkiesings nie, veral in die Vrystaat.** Die ooreenkoms het wel net op die volksraadsverkiesing betrekking gehad, maar die Afrikanerparty kon darem verwag dat daar by die provinsiale verkiesings waardering vir sy bydrae sou wees en hom sy deel gegun sou word waarop hy geregtig was.

Spreker is egter nie pessimisties nie.

Ons vriende is ook besig om te besef dat as ons die magsposisie wil behou, ons nie onverskillig mag staan teenoor die afwesigheid van elemente wat by ons behoort nie. „Laat ons in daardie gees die toekoms tegemoetgaan", het mnr. Havenga gesê.

**Hy hoop dat die vriende wat miskien nie altyd aan die Afrikanerparty se bydrae dink nie, begin besef dat hulle ook moet bymekaarmaak en nie in 'n rigting kan gaan wat onverskilligheid toon nie. „Wanneer hierdie vraagstukke weer aktueel is, sal u die geleentheid hê om u voorwaardes te stel", het mnr. Havenga ten slotte verklaar.**

### DR. VAN RENSBURG

Dr. Van Rensburg het verklaar dat hy die volste vertroue in mnr. Havenga se eerbaarheid en goeie bedoelings het. Hy het destyds reeds verklaar dat die O.B.-lede bereid was om te stem waar hulle welkom was. Ná die onderhandelings met dr. Malan het mnr. Havenga gevra of hy met die ooreenkoms moet voortgaan. Spreker se antwoord was dat die O.B.-lede ontevrede was, maar nie in die weg van samewerking wou staan nie.

Toe mnr. Havenga spreker meegedeel het dat die Afrikanerparty bereid was om die O.B.-lede in die party op te neem, het spreker alle O.B.-lede sover moontlik probeer beweeg om hulle gewig by die Afrikanerparty in te gooi. Selfs ná die Brakpan-insident wou hulle nie hê dat die ooreenkoms beëindig moes word nie.

### NET GEE

**'n Mens word naderhand moeg as hy die futiliteit insien van net altyd te gee.** Die O.B.-lede het destyds by die Afrikanerparty aangesluit deels omdat hulle nie in die ander vleuel welkom was nie en grotendeels omdat hulle geglo het dat die land nie anders bestuur kan word as soos deur genl. Hertzog aangedui nie. Hulle het by die party aangesluit omdat hulle geglo het dat dit die regte pad was.

**Hulle het ingekom om mnr. Havenga se hande te sterk en nie te verswak nie. „As daar mense is wat voel dat ons mnr. Havenga eerder in die verleentheid stel, is ons heeltemal bereid om ons te verwyder", het dr. Van Rensburg gesê. „Ons is hier omdat ons in die pad van genl. Hertzog glo."**

### MOSIE

Dr. Van Rensburg het die volgende onbestrede mosie voorgestel:

**„Die Kongres neem met dank kennis van die onomwonde versekering van sy leier dat hy met geen verdere diskriminasie teen Afrikanerpartylede gediend sal wees nie en sien met verlange daarna uit dat die leiers se pogings om die breuk tussen Afrikaners te heel, met sukses bekroon sal word, aangesien die voortsetting daarvan verdere samewerking in ernstige gevaar kan bring."**

Mnr. Havenga het die mosie ondersteun en dit is eenparig deur die kongres aanvaar.

# MNR. HAVENGA STEL SY STANDPUNT

**In sy openingsrede op die kongres van die Afrikanerparty verlede week in Bloemfontein het min. N. C. Havenga 'n uiteensetting gegee van sy kleurbeleid en aangetoon hoe ver hy bereid is om in verband met wetgewing te gaan. Hy het ook verwys na die samewerking met die H.N.P. waaromtrent hy as volg opgemerk het:**

„Ek maak daarop aanspraak dat die Afrikanerparty sy deel getrou gedoen het in hierdie poging en dat, vir so ver betref samewerking in die regering altans, daar groot welslae behaal en vordering gemaak is, en dat die verhoudinge in alle opsigte ontwikkel het tot die grootste hartlikheid en waardering vir mekaar. In hoe 'n mate dit ook daarbuite in wyere kringe die geval is, weet u beter as ek."

In verband met kleurbeleid het mnr. Havenga weereens 'n beroep gedoen dat hierdie vraagstuk uit die partypolitiek gelig moet word. **„Ek meen ons is dit ook eens oor die algemene beginsel dat alles gedoen moet word om indien moontlik alleen 'n nie-politieke oplossing te probeer vind vir fundamentele nieblanke vraagstukke, sodat verseker kan word dat toekomstige partypolitieke veranderings dit nie maklik weer sal vernietig nie."**

### KLEURLINGREGTE

Met verwysing na die voorneme om die Kleurlingstemreg te verander, het mnr. Havenga gesê:

Op 'n vraag aan my in die volksraad of sekere voorstelle wat alleen die plasing van Kleurlinge op 'n afsonderlike kieserslys beoog, dan nie sou bots met die s.g. verskanste bepalings van die grondwet nie, het ek daarop gewys dat by verskil van mening oor die effek van so 'n voorstel dit 'n saak is wat dan deur die Speaker beslis sal moet word.

**Ons het hier dus te doen met twee moeilikhede. Die eerste is die moontlikheid of wenslikheid om politieke regte wat tans geniet word te verminder en die ander om dit te doen sonder inagneming van ten minste die gees van die verskanste bepalings van ons grondwet of, soos ek reeds gesê het, die aanwesigheid van 'n duidelike volkswil wat nie die gevaar loop om weer ter syde gestel te word nie.**

Hierby kan gevoeg word die moontlike ernstige gevolge vir ons landsekonomie deur die twyfel wat gewek kan word in ander lande omtrent die stabiliteit van ons politieke instellings deur die veronagsaming van ons grondwetlike beskermingsbepalings.

### APARTE LYS

Ek het aan die Eerste Minister te kenne gegee dat ek hom sou help om die stemgeregtigde Kleurlinge op 'n aparte lys te plaas as 'n sterk begeerte daartoe bestaan, maar dat ek nie my medewerking en ondersteuning kan verleen aan enige voorstelle wat inhou 'n permanente vaspenning van hul getal parlementêre verteenwoordigers en wat neerkom op 'n vermindering van bestaande politieke regte nie.

Ek het daarop gewys dat, waar dit blykbaar die bedoeling is om by die aanvang aan die Kleurlinge die getal verteenwoordigers waarop hul huidige getalle hulle geregtig maak, toe te ken, daar in die afwesigheid van stemreg vir Kleurlingvroue, noodwendig 'n lang tyd moet verloop voordat daar sprake kan wees van vermeerderde verteenwoordiging gebaseer op die kieserskwota en dat ons met die oog op toestande soos dit vandag is, ons voorlopig altans tevrede moet stel om die hele vraagstuk aan die tyd oor te laat. Hiervoor wil ek nou weer hier ernstig pleit.

### EENWORDING

Ek erken die reg van die Eerste Minister en sy sterk party, wat die oorgrote meerderheid van nasionaalgesindes in ons land verteenwoordig, om sy planne deur te voer as hy daarvan oortuig is dat die volksbelang dit verg, **maar in daardie geval moet ek versoek dat sonder my voortgegaan sal word.**

Ek het teruggekom tot die openbare lewe met een groot doel, nl. om mee te werk tot herstel van die breuk onder nasionaalgesinde Afrikaners, en om my bydrae te lewer tot uiteindelike eenwording.

Dat ons bestaande samewerking nie opgebreek sal word nie is my persoonlike vurige begeerte.